

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

5 Augustus 2021

Vir aandag: Leraars, kerkrade en afgevaardigdes

Geagte vriende,

KENNISGEWING: OOS-KAAPLANDSE SINODE VANJAAR AANLYN OP ZOOM: 12 OKTOBER, EN 19-21 OKTOBER

Soos altyd, bid ons in hierdie tyd vir gesondheid en die veilige bewaring van die Here. Ek vertrou dit gaan goed met julle en julle geliefdes.

Die Dagbestuur van die Sinodale Kommissie het besluit om die sinodale vergadering wat vir Oktober 2021 geskeduleer is (en reeds met 'n jaar uitgestel is) te laat voortgaan, maar om dit te **skuif na die Zoom-platform**.

Doel

Die doel van die vergadering is steeds geestelike opbou en aandag aan die toekoms van die kerk en van ons gemeenskappe. Die klem val dus nie op verslae nie, maar op die gesamentlike soek na die Here se leiding en koinonia. Dit is wel moontlik tydens aanlynvergaderings. Ons sal ook van opbouwende sprekers gebruik maak.

Datums en tye

Die datum word ietwat aangepas. Ons hou nou vergadering op die volgende datums (teken asb. aan):

- **Dinsdag, 12 Oktober 2021** (09:00 – 13:00) –die verkiesing van die moderatuur vind onder andere op hierdie dag plaas
- **Dinsdag tot Donderdag, 19 tot 21 Oktober 2021**, elke dag 09:00 – 13:00.

Geliewe hiervan kennis te neem. Maak asb. ook seker dat u afgevaardigdes hiervan weet.

Belangrike vereistes

Dit is baie belangrik dat **elke** afgevaardigde op die Zoomvergadering vanaf sy/haar **eie** rekenaar, tablet of selfoon moet inskakel. Meer as een afgevaardigde kan nie saam met 'n ander afgevaardigde op een rekenaar inskakel nie. Die rede is dat ons Zoom gaan gebruik vir stemming. Jou Zoom-inskakeling op jou eie selfoon of rekenaar is jou stembriefie.

Verder sal *slegs* afgevaardigdes persone wat 'n eie Zoom-rekening het en op Zoom ingeteken is wanneer hulle by die vergadering aansluit toegang tot die vergadering kan kry.

Hierdie reëling is veral krities belangrik wanneer die verkiesing van die moderatuur plaasvind. Die sinodesitting gaan egter deurlopend interaktief wees, ons gaan dus kommentaar vra op die chatboks en klein groepies met tye indeel. Dit alles verg een mens, een Zoomtoestel. Ons vind ook dat waar groot groepe inskakel die klank 'n enorme uitdaging word.

Ons moedig gemeentes aan om Wifi tot beskikking van afgevaardigdes te stel.

Hoewel volledige inligting nog sal volg, sê ons nou reeds dat persone wat data moet koop vir die doeleindes van die sinodesitting (soos mobiele data) by voorlegging van 'n werklike faktuur of strokie 'n eis vir werklike datakoste by die sinodale kantoor kan indien.

Ons moedig elke afgevaardigde ook aan om 'n eie e-pos adres te hê (en daardie adres te gebruik om op Zoom in te teken). Moenie die kerkkantoor of iemand anders se adres gebruik nie. Afgevaardigdes wat met 'n eie e-posadres 'n probleem het, moet asb. met my (Danie Mouton) skakel sodat ons u hiermee kan bystaan. Ons doen dit graag.

Gebruik van Zoom

Ons sal nog volledige instruksies oor die gebruik van Zoom verskaf. Afgevaardigdes kan gerus intussen na www.zoom.us gaan en 'n gratis Zoom-rekening skep. As jy nog nie het nie, laai gerus die Zoom-app op jou rekenaar, tablet of selfoon af en begin dit te gebruik om met die familie en vriende te gesels. Raak gemaklik daarmee. Dit is eenvoudig.

Die kernvaardighede is om op 'n vergadering te kan inskakel, om jouself te kan "mute" of "unmute" en om jou video te kan aan- en afskakel. Mens moet ook weet om jou hand te kan opsteek (op Zoom) wanneer jy 'n spreekbeurt wil hê.

Uit verskeie sinodale gesprekke en VBO-geleenthede weet ons Zoom is eenvoudig genoeg dat selfs babas kort na geboorte al handig is daarmee.

Sakelys

Ons sal die sakelys met verslae betyds verskaf. Ons beplan tans om dit aanlyn te doen, maar ook om dit in PDF-formaat aan kerkkantore beskikbaar te stel om – indien nodig – vir u afgevaardigdes uit te druk. Dink tog aan die bome. Ons sal die werklike fotostaatkoste (gebaseer op 'n eis geboekstaaf deur 'n faktuur) vergoed.

Besoekers

Die Sinode word lewendig gestroom word na die NG Kerk in Oos-Kaapland se Facebookblad: <https://www.facebook.com/ooskaap>. Besoekers is welkom om daar by die aanlyn-sinode in te skakel. Die Zoom-skakels (wat nog voorsien sal word) is slegs vir afgevaardigdes se gebruik.

Hierdie is bloot die eerste skrywe oor die aanlyn-sinode. Ons volg dit op met meer en groter detail.

Met beste wense,

Ds Danie Mouton
Direkteur Sinode